**Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit strewe na dinamiese en effektiewe dienslewering aan die gemeenskap binne sy regsgebied. As 'n Gelyke Indiensneming-werkgewer, beskik ons tans oor die onderstaande vakature vir 'n toepaslike gekwalifiseerde en ervare persoon.**

# OMGEWINGSGESONDHEIDSPRAKTISYN
## (FOUR (4) POSTE)

**Posprofiel:** • Die lewering van doeltreffende munisipale gesondheidsdienste in ooreenstemming met organisatoriese beleide en statutêre vereistes.

**Vereistes:** • Nasionale Diploma in Omgewingsgesondheid of soortgelyk • Suksesvolle voltooiing van verpligte eenjaar-gemeenskapsdiens • Suksesvolle voltooiing van opleiding as Vredesbeampte sal as aanbeveling dien • Bewys van huidige registrasie as Onafhanklike Praktisyn by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika • Toepaslike ervaring • Geldige Kode B-rybewys • Uitstekende kommunikasievaardighede in minstens twee van die drie tale in die Wes-Kaapprovinsie • Rekenaargeletterdheid • Uitstekende analitiese, interpersoonlike en projekbestuursvaardighede • Vermoë om doeltreffend onder stresvolle omstandighede te funksioneer.

| | |
|---|---|
| **Salaris:** | R341 532 – R443 340 per jaar |
| **Posvlak:** | T12 |
| **Standplaas en Verwysing:** | Twee (2) poste Ceres (184 en 229)<br>Twee (2) poste Robertson (225 en 226) |
| **Sluitingsdatum vir aansoeke:** | 27 Mei 2022 om 15:00 |

---

**Byvoordele sluit in: pensioen- / aftreefonds, mediese skema, groeplewensversekering, 13de tjek en ,n nie-pensioengewende akkommodasietoelaag. Besonderhede rakende die omvattende lys van byvoordele is op aanvraag beskikbaar.**

**Die sluitingsdatum vir aansoeke word beskou as die datum waarop aansoekers aan die minimum posvereistes soos gestipuleer in hierdie advertensie, moet voldoen. Geen ondersteunende dokumente sal na die sluitingsdatum aanvaar word nie. Die voorgeskrewe aansoekvorm waarop aansoek gedoen moet word, is verkrygbaar by Me CVG Bartness by 021 888 5159 en Me KA August by 021 888 5120. Aansoeke, vergesel van oorspronklik gewaarmerkte, ware afskrifte van kwalifikasiesertifikate (grade, diplomas, sertifikate, skoolsertifikate, ens.), asook die vereiste rybewyse, Professionele Bestuurspermitte en registrasiesertifikate van beroepsliggame, waar toepaslik, moet gestuur word aan die Munisipale Bestuurder, Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, Posbus 100, Stellenbosch 7599.**

**Neem asseblief kennis dat aansoeke wat nie aan die bogenoemde voorskrifte voldoen nie, nie oorweeg sal word nie. Aansoeke wat laat, per faks en / of elektronies ontvang word, sal ook nie in aanmerking geneem word nie.**

*Neem asseblief ook kennis dat indien geen terugvoer teen 31 Augustus 2022 ontvang is nie, kandidate kan aanvaar dat hul aansoeke onsuksesvol was.*

*Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.*

KAAPSE WYNLAND DISTRIKS
MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA

www.ayandambanga.co.za

145292